AFFIES
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
Lynnwoodweg 1, Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3805/6

# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
EERSTE KWARTAAL 1990

AFFIES
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Bondstraat Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3811/2

# Affies vier 70

**Met die stigting van 'n Afrikaanse hoërskool op 28 Januarie 1920 in die woonhuis van genl. Piet Joubert, is 'n jarelange droom van talle voorstanders van die Afrikaanse taal bewaarheid.**

Gedurende Januarie 1990 vier hierdie selfde skool, wat deur die jare 'n ryke tradisie en trotse geskiedenis opgebou het, sy sewentigste bestaansjaar.

**Skoolverjaarsdag**

In ware Affietradisie het AHS en AHM op Vrydagoggend, 26 Januarie, op die seunskool se paviljoen byeengekom om die skool se verjaardag te vier.

Die prefekte van beide skole het, nadat hulle die simboliese balk uit die woonhuis van genl. Joubert na die paviljoen gebring het, in 'n 70-formasie op die rugbyveld stelling ingeneem. Die balk is deur mnre. Visser en Grimbeeck, twee oudleerlinge uit die vroeë bestaansjare van die skool, aan die huidige hoofseun Paul Schutte en hoofmeisie Kato Odendaal oorhandig.

Nadat die verrigtinge op treffende wyse deur ds Visser met Skriflesing en gebed geopen is, het mej. Venter, hoof van die AHMP, die skool geskiedenis op 'n baie interessante wyse aan die leerlinge voorgehou. Haar sprankelende vertelstyl het almal laat luister.



*Mnre Nico Visser en Eric Grimbeek oorhandig die simboliese balk aan Kato Odendaal en Paul Schutte.*

**Fotograaf: Morné van der Linde**

Nadat dr. Edwards die bedankings gedoen het, het die skole vir 'n wyle hulle sangtalente teen mekaar opgeweeg deur bekende sportliedjies saam te sing, waarna 'n piekniek op die rugbyveld gehou is. Die dag is afgerond deur 'n krieketwedstryd tussen die eerste span van AHS en 'n oud-Affiespan.

Sondag, 28 Januarie, het die ouers, leerlinge, onderwysers en oud-Affies van beide skole, die spesiale middagdiens in die Pretoria-Oos NG-kerk bygewoon.

Om die diens spesialer te maak het die kore van die seuns- en die meisieskool opgetree met gewyde liedere soos "Vreugdelied" en "Panis Angelicus". Die meisies en seuns het so soet gesing dat hulle sang met dié van 'n engelekoor vergelyk kan word.

Die diens is gelei deur, 'n oud-Affie, ds JA vd Berg. Die boodskap wat hy oorgedra het, was dat die lof van die Here verkondig moet word, soos geskryf staan in Pslam 145:21.

Die kore en gemeente het afgesluit met die "Onse Vader", waarna die ouers, onderwysers en oud-Affies tee en koeksisters in die kerksaal gaan geniet het.

As die diens 'n voorbeeld is van wat gaan volg, kan die toekoms vir Affies se sewentigste feesjaar net volg lig en wenners wees.



*Mej Venter en mnr Kruger ontvang elk 'n geskenk ter viering van die skole se verjaarsdag.*

# 'n Ideale Affie

'n Uittreksel uit die toespraak van Mnr NC Roesch tydens die opening van die gedenksirkel by AHS.

Ons roem graag op die ideale Affie, maar oor watter kwalitiete moet so 'n leerling beskik?

Die ideale Affie moet integriteit besit. Hy moet edel van inbors wees en viervoet agter sy beginsels staan. Hy moet iemand wees waarop jy kan staatmaak.

'n Ware Affie moet trots wees op sy taal, kultuur, tradisies, sy voorouers en in sy optrede glo. Hy dink egter nooit hy is beter as ander nie. Hy is 'n gemotiveerde persoon. Hy, weet wat hy uit die lewe wil hê en hoe om dit te bereik. Die ideale Affie doen alles wat hy doen met oorgawe.

Deursettingsvermoë is nog 'n baie belangrike kenmerk. Dit wat hy aanpak, voor hy deur na die beste van sy vermoë. Die wedstryd is eers klaar as die eindfluitjie blaas. So 'n persoon het waagmoed. Hy is lus vir uitdagings en is nie bang om iets nuuts aan te pak nie.

'n Ware Affie is altyd lojaal aan sy skool. Daar bestaan 'n kamerade onder die Affies wat nêrens anders gevind word nie.



*'n Geskiedkundige vlaghysing op Maandag 12 Februarie tydens die onthulling van die gedenksirkel.*

'n Ideale Affies is erkentelik en natuurlik. Hy is nooit egoentries of kunsmatig nie.

'n Affie is 'n fyn, gelowige, gebalanseerde en spontane jongman — 'n "gentleman" — 'n Christen.

Dit is dan geen wonder dat die herinnering aan 'n oud-Affie gelei het tot die model: die "ideale Affie" nie.

**— Chris Steyn**

# Affies wen Topskole Swem!

**Op Dinsdagmiddag, 6 Maart, vergader 'n bekommerde maar gedetermineerde Affie swemspan te Hillcrest swembad.**

Vir die eerste keer in byna 25 jaar neem die baie sterk swemspanne van Boys' High en Girls' High aan die Afrikaanse Interhoërgala deel.

In die seunskompetisie is dit van die begin af duidelik dat die stryd slegs tussen AHS en Boys' High lê. Na 'n titaniese stryd, verloor AHS naelskaap teen Boys' High. Vir die eerste maal in 9 jaar gaan die beker nie terug Affies toe nie.

In die dogterskompetisie slaag Meisies Hoër egter daarin om te wen. Veral Menlopark se meisies het AHMP baie harde bene laat kou.



Woensdag, 7 Maart; word deelgeneem aan die A-liga byeenkoms van die Pretoriase Engelse skole. Dié spanne is duidelik in 'n ander klas en die moeë Affies sukkel om hulleself te laat geld. Met 'n sterk eindpoging, slaag AHS egter tog daarin om met slegs een punt na Glen High, vierde te eindig.

Op Saterdag, 10 Maart, neem AHS en AHMP aan die Topskole swemgala te LC de Villiers stadion deel. Al die sterkste spanne van oor die hele Transvaal sê by hierdie geleentheid mekaar die stryd aan.

AHS se span swem soos nooit te vore nie. 'n Goeie voorbeeld van die geweldige determinasie van die span, is die seuns ope Wisselslagaflos waarin hulle slaag om 71 sekondes vinniger as op Interhoër te swem.

Na 'n kop-aan-kopstryd behaal AHS die ongelooflike prestasie om die eerste Afrikaanse skool te word wat as Transvaalkampioen uit die stryd tree. Dit is ook die eerste maal dat 'n skool uit Pretoria dié gesogte trofee wen.

# AHS tweede in Transvaal

**Direkteurstrofee Atletiek 17 Maart 1990 Herman Immelman.**

**Goue Medaljes:**
1. C Potgieter SO/19 VS 6,74m.
2. C Potgieter SO/19 100m 11,04s (Elektroniese tye).
3. J Bekker SO/15 SG 52,16m.
4. R Gunter SO/16 1500m 4:13,79.
5. M du Plessis SO/17 GS 53, 76m.
6. R Cloete SO/17 800m 1:56,32s.
7. 4x100m SO/19 52,26s.

**Silwer medaljes:**
1. R Kemp SO/19 HS 1,85m.
2. M du Plessis SO/17 300mH 39:14s.
3. R Cloete SO/17 1500m 4:08:16.
4. G Esterhuizen SO/16 200m 23,36s.
5. D Stanford SO/19 400m 50,21s.
6. J van Zyl SO/19 110mH 15,45s.
7. S Britz SO/14 HS 1,75m.
8. J Geringer SO/17 VS 6,36m.
9. R Gunter SO/16 800m 2:00,54s.

**Brons medaljes:**
1. F Strydom SO/14 1500m 4:26,58s.
2. D Stanford SO/19 200m 22,70s.
3. J Smith SO/16 SW 39,10m.
4. M du Plessis SO/17 GS 14,48m.
5. JP van der Walt SO/15 VS 5,98m.
6. J Meijer SO/15 100mH 13,87s.
7. A Ferreira SO/17 400m 50,32s.
8. S Louw SO/15 800m 2:07,98s.
9. 4x100 SO/14 48,97s.

**Finale Puntestand:**

| | | |
|---|---|---|
| 1ste | Waterkloof | 226 |
| 2de | AHS | 184 |
| 3de | Randburg | 142 |

# Fallon oorwin tog!

**Op die tweede Februarie 1990 was Affieland in rep en roer. Hierdie stand van sake is nie net veroorsaak deur die teenwoordigheid van AHS se koorlede en sekere lede van die pers nie, maar ook veral deur die feit dat ons op die dag sou uitvind wat 'n kontratenoor is en presies hoe dit klink. Sekeres van ons was bang dat ánder van ons dalk sou begin giggel wanneer 'n man soos 'n vrou begin sing — en almal het asem opgehou ...**

Is dit nie 'n verrassing nie!


Thomas Mark Fallon — die enigste kontratenoor wat deelgeneem het aan die Derde Internasionale Sangkompetisie by Unisa, het miskien nie deurgedring tot die finale nie, maar hy het baie beslis deurgedring tot diep binne-in die harte van baie Affies.

"Hy is een-en-dertig, ongetroud en hy kan nie kook nie," so is hierdie besondere Amerikaner aan ons voorgestel deur ons eie professionele musikus, mev Elmi Kruger. Sonder verdere verwysings na 'n sekere broek en 'n das, het dit hom selgs 'n minuut geneem om die hele skool aan sy lippe te laat hang. Hy het, as 'n bydrae tot ons godsdiensoefening, 'n gevoelvolle vertolking van Psalm 23 gelewer, en later het hy ons meer vertel van sy besondere stemkwaliteit en van sy loopbaan.

"I'm on a personal crusade, this voice needs to be brought out of antiquity and off recordings and put onto the concert stage." Hierdie strewe van mnr Fallon kom sterk na vore uit die begeesterde manier waarop hy met ons gepraat het.

Hy het op 10-jarige ouderdom begin sing, as 'n seunsopraan en kon aanhou sing dwarsdeur die periode van stemverandering. Op 17 het die hoë sopraannote weggeval, maar die ander hoë note was sterker as tevore. Dit was ook op hierdie leeftyd dat hy besef het dat hy 'n natuurlike kontratenoor is.

Volgens mnr Fallon is daar twee "skole" of soorte kontratenore. Die eerste groep is mans wat die hoë note in 'n falsetto stem sing, wat basies onnatuurlik is. Die tweede groep waaronder hyself ook val, is natuurlike kontratenore en die hoë note val gemaklik binne hulle stemomvang. Hy sing nie net opera en klassieke werke nie, maar is trots daarop dat hy enigiets kan sing. Hy sing ook soms "breeches" rolle in die opera. Dit is die rolle van jong seuns, wat gewoonlik deur dames gespeel word as gevolg van die hoë toonhoogte wat vereis word. Lande waar hy al opgetree het is, Helsinki, Nederland, Frankryk, België, Engeland en nou ook Suid-Afrika.



Ons het hom gevra of hy nie soms negatiewe reaksie van sy gehore ontvang nie en met 'n glimlag het hy gesê dat daar dikwels mense is wat giggel of geskok voorkom, maar dat hy dit juis geniet om te sien hoe hierdie mense se gesigsuitdrukkings verander deur die verloop van sy optrede en om te sien hoe hulle aan die einde hartlik deelneem aan die applous. Hy lewer dan ook altyd sy heel beste en as die gehoor nie daarvan hou nie, so sê hy, is dit húlle probleem. Voorwaar 'n waardige lewensfilosofie waaruit baie van ons kan leer.

Affies sê "encore" vir Thomas Fallon, dankie en baie sterkte vir die res van sy loopbaan!

**— Johanneke vd Merwe**



*Party matrieks speel eerder vroteier ...*

# Christenskap en Jonkheid

Is 'n jongmens van nature godsdienstig óf van nature ongodsdienstig? Daar bestaan 'n algemene opvatting dat die "jeug van vandag" nie juis 'n trek vir godsdiens het nie. Dit is ook nie 'n nuwe opvatting nie. Ons sing byvoorbeeld aan die hand van Totius se beryming van Psalm 25:2 van 'n "yd'le jonkheidslede". So asof die jeug vanself geneig is tot die kwaad en volwassenes weer vanself geneig is tot die goeie. Dit is 'n wanopvatting. Niemand, nie 'n kind, of 'n jongmens, of 'n volwassene, of 'n oumens, het 'n natuurlike geneigdheid tot die geloof nie. Geloof is nie iets natuurliks nie. Dit is 'n wonderwerk, 'n gawe van God. Maar juis omdat geloof nie iets natuurliks is nie, moet 'n mens jouself ook doelbewus daarvoor gee. Of beter gestel: jy moet jou doelbewus aan God verbind en jou vertroue vir hierdie en die ewige lewe op Hom plaas. Die digter van Ps 71:5 sê: "... op U, Here, het ek van jongs af vertrou." Ons word geroep om nie as ons eendag oud is nie, maar "van jongs af" op die Here te vertrou. Dit is 'n besluit wat elke dag opnuut geneem moet word.

**— Dr Julian Muller**

# *In Memoriam*


*Marelize Rademeyer — gebore 1974, 17 Oktober — oorlede 1990, 15 Februarie.*

**2 Kor 4:**

*"Ons swaarkry in dié wêreld is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly".*

**Jes. 43:1**

*"Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne".*



# Hoe spel mens Liefde?

**— Mindie Rischmüller —**

**Hoe spel mens LIEFDE?**
**14 Februarie 1990 ...**
**Geen skool in Pretoria sien met meer afwagting uit na hierdie dag, as Affies nie. Want waar in Pretoria kan dinge dan meer romanties wees, as juis hiér?**

Rooi rose, hartjie sjokolades, vurige kaartjies en romantiese boodskappe ... Al hierdie dinge (en nog veel meer) was ingesluit in die Affies se Valentynsdag. Menige verveelde Affie se dag was opgevrolik deur 'n onverwagte kaartjie in "die boks", of miskien deur 'n boodskap van 'n onbekende bewonderaar. Alles was só geheimsinnig. So rég na 'n vrou (en 'n man) se hart!

1990 se Valentynsdag was vol verrassings. Mej Venter het onverwags besoek ontvang van 'n paar ywerige seunsprefekte wat gevoel het, 'n roos is nét die ding. Geskiedenis was gemaak toe "Cupid" vir die eerste maal in AHM se skoolsaal aangebied is. Almal het baie lekker gekuier. As gevolg van "Radio Romance" wat deur die prefekte aangebied is, het 'n baie ontspanne atmosfeer geheers.

Ongelukkig was die Valentynspouse sommer vinnig verby en moes die seuns terug huis toe. Na 'n groot gespook was almal weg en kan die gewone, alledaagse dinge voortgaan. Onderwysers het met groot moeite die kinders se aandag op die werk gevestig. Maar helaas het hulle moed opgegee, want wié kan nou op so 'n mooi dag van Hitler leer?



*Die Vos het ook liefde gevind.*

# St 6 Kenmekaaraand!


**Vrydagaand 12 Januarie het ongeveer tweehonderd verskrikte hoenders en verbouereerde hondersku-"punks" (?) by die saal van Meisieshoër opgedaag. Die kolonelle en meesters het hulle hande vol gehad om die woelende massa aangetree te kry en tot bedanring te bring. Uiteindelik toe die meisies aan die seuns met hulle knoffelasems en be-oliede hare, en die seuns aan die spektakeltjies met pajamahemde, sweetpakbroeke, handsakke en hoëhakskoene gewoond was, kon die pret begin.**

Die saal was 'n rumoer van al die aktiwiteite. In een hoek het Mindie verwoed probeer om die ingewikkelde speletjie: "musical chairs" aan die dommerige st 6'e te verduidelik! Langsaan het die st 6'e hulle verlustig in die knoffelsoene van blikbord. (As dinge vervelig begin raak, moes Rachel self ook 'n paar soene uitdeel!)

Om alles op te vrolik, het 'n bekwame grimeerkundige, Lise, hand bygesit om die seuns en meisies te help om mekaar se gesiggies in te kleur. Buite was dit 'n tamatie-happery vir 'n vale. Hane en henne het verward rondgepik na die pap waterdeurdrenkte tamatie! (Die foto's sal egter nie geplaas kan word nie weens faktore buite my beheer). Die st 6'e stem almal saam dat dit 'n nare ondervinding was!

Net voor dinge hulle romantiese strekking heeltemal kon verloor, het Anni gesorg vir die toutjie-kou. Alhoewel knoffelasems dikwels in die pad was, het Omri gou gesorg dat dit **nie** die pret bederf nie, en dat dinge behoorlik gedoen word. Dit was 'n heerlike, insiggewende aandjie, en ons hoor dat die st 6'e mekaar deur al die soenery en laggery en morsery tog beter leer ken het.

**— Susan Kruger**



# Groentjiekonsert

**Nadat 'n algehele werkstaking vanaf Desember verlede jaar plaasgevind het op die pluimveeplaas, Bondplaas in die distrik AHMP, was mej Pluimveeboer Venter verheug om almal veilig in hulle hokke terug te verwelkom op die 9de Januarie.**

Daar het na bewering sowat honderd kalkoene permanent gestaak. Daar word vermoed dat dié staking dalk die gevolg is van 'n té lang aanhoudingstermyn en daar is blykbaar besluit om die kalkoene op parool vry te laat. Ongeveer 150 poue het die kalkoene se plek ingeneem as die mees gesogte pluimvee van die spogplaas.

Om die tekort aan te vul, is daar 'n klomp hoenders bygekoop. Die enigste probleem was egter dat die hoenders in 'n haglike toestand verkeer het. Gelukkig lui die gerigte dat die hoenders, nadat hulle vir 2 weke onder die poue deurgeloop het, deesdae heel goed daar uitsien.

Die hoenders se "Ateljee Kekkel" het die nuusmedia aan die kloek gehad met programme soos "Kiepie en Kandas", "kook en geniet" en "Kekkelkabaret", "Ateljee Kekkel" was 'n treffer. Van die dansers tot die "drinkers" het almal hulle vere reggeskud en bygedra tot die sukses.

**— Rachel Kruger**

# Van 'n Ouer aan 'n Kind

**Ons as jongmense kan so maklik oor ons ouers kla en hulle van allerlei dinge beskuldig, maar het jy al ooit gedink hoe hulle oor jou voel?**

— Ek het jou die lewe gegee, maar ek kan dit nie vir jou lewe nie.
— Ek kan vir jou dinge leer, maar ek kan jou nie maak leer nie.
— Ek kan jou probeer rigting gee, maar ek is nie daar om jou te lei nie.
— Ek kan jou vryheid betaal, maar ek kan nie daarvoor verantwoording doen nie.
— Ek kan jou kerk toe neem, maar ek kan jou nie maak glo nie.
— Ek kan jou leer onderskei tussen reg en verkeerd, maar ek kan nie vir jou besluit nie.
— Ek kan vir jou mooi klere koop, maar ek kan jou nie van binne mooimaak nie.
— Ek kan jou raad gee, maar ek kan dit nie namens jou aanvaar nie.
— Ek kan jou liefde gee, maar ek kan dit nie op jou afdwing nie.
— Ek kan jou leer om mededeelsaam te wees, maar ek kan jou nie onselfsugtig maak nie.
— Ek kan jou leer om respek te hê, maar ek kan jou nie dwing om eer te bewys nie.
— Ek kan jou raad gee oor vriende, maar ek kan hulle nie vir jou kies nie.
— Ek kan jou leer omtrent seks, maar ek kan jou nie rein hou nie.
— Ek kan vir jou die feite van die lewe vertel, maar ek kan nie jou reputasie behou nie.
— Ek kan jou vertel van drank, maar ek kan nie namens jou "nee" sê nie.
— Ek kan jou waarsku teen dwelms, maar ek kan nie verhoed dat jy hulle gebruik nie.
— Ek kan jou vertel van hoë prestasies, maar ek kan hulle nie vir jou bereik nie.
— Ek kan jou vertel van goedheid, maar ek kan jou nie forseer om genadig te wees nie.
— Ek kan jou waarsku omtrent sonde, maar ek kan nie jou standaarde stel nie.
— Ek het jou lief as my kind, maar ek kan jou nie God se kind maak nie.
— Ek kan vir jou bid, maar ek kan nie maak dat jy met God wandel nie.
— Ek kan jou leer van Jesus, maar ek kan nie Jesus jou Koning maak nie.
— Ek kan jou leer van die lewe, maar ek kan jou nie die Ewige Lewe gee nie.

# Matrieks se geskenk — aan die skool —

— Kato Odendaal

**Het julle ook gewonder hoekom daar aan die een kant van die saal 'n beeldjie is, en nie aan die ander kant nie? Die matrieks het besluit om met die skool se sewentigste verjaarsdag 'n maatjie vir die beeldjie Dahpne, naamlik Clytii, te oorhandig as geskenk aan die skool. Die beeldjie Daphne, is deur Laurika Postma gemaak en Clytii deur die beeldhouer Hennie Potgieter.**

Altwee beelde het 'n besonderse verbintenis met die Romeinse god van digkuns en musiek, Apollo. Dié het eendag in die woud gewandel toe hy 'n pragtige nimf, naamlik Daphne sien. Hy was dadelik smoorverlief op haar, maar hoe nader hy aan haar gekom het, hoe langer het sy geword. Sy het begin weghardloop en so in die vlug haar vader se hulp gevra. Hy verander haar toe in 'n loerieboom. Terwyl haar hare en hande nog besig was om blare te word, kom Apollo met uitgestrekte arms aangehardloop. Die arme ou omhels toe nie die pragtige Daphne nie, maar slegs 'n growwe boomstam. Apollo verklaar toe die loerier as sy gunstelingboom en omdat hy die god van digkuns en musiek was, sou pryse aan digters en musikante voortaan uit loerierkranse bestaan.

Clytii was weer 'n jong meisie wat elke dag, baie verlief na Apollo gekyk het wanneer hy op die son gery het. Sy het hom elke dag dopgehou en gesmag na sy liefde. Uit radeloosheid, verander die gode haar toe in 'n sonneblom. Sy kan dan nogsteeds die son, met Apollo daarop, elke dag volg.

Mag Daphne en Clytii vir elke Affie 'n sonstraaltjie, omhul in 'n loerierkrans, gee om altyd aan vas te hou.

# Wat is matriek?



**Wat of wie is 'n matriekleerling? Dit is daar die organisme wie se primêre funksie dit is om onderwysers al hulle dae hier op aarde te gee. Dit is die persoon wat soggens met blou kringe onder sy oë, sy lyf by die hek insleep, langsaam voortstrompel tot op die vierkant, sy tas laat val, en vra of hy enige tuiswerk gehad het om te doen. Aangesien almal dieselfde vraag vra, kan dit nogal 'n netelige sakie word. Hoe dit ook al sy, gedurende die dag verskyn die werk gewoonlik op die een of ander onskure wyse in sy boek.**

Hier volg 'n verdere weergawe van die normale matriekulant se skooldag:

**In die saal:** Hy probeer swôt;
**Register:** Hy skryf 5 folio's huiswerk af;
**Duits:** Hy trek Heidi, alias Eleanore, se been (nie letterlik nie!). Heidi, alias Eleanore, skree sy kop van sy lyf af;
**Afrikaans:** Liewe Heksie verhef hom tot 'n rotter met dooie mossiebreinselle;
**Biologie:** Poerie trap hom uit oor sy hare (te lank of te kort);
**Geskiedenis:** Dr Edwards noem hom 'n "oudstryder".
**Pouse (voor Interhoër):** In die saal veroorsaak hy dat mnr Du Plessis op en af spring uit pure frustrasie.
**Pouse (na Interhoër):** Hy gooi waterbomme;
**Laaste paar periodes:** Hy slaap.

**'n Paar Matriekuitdrukkings:**
SW: "Sit!"
Henry H: "maaifoedies! Skuimballe!"
Willem J: 'Stroom-Op is koning".
Omri: "Sing nou!"

**Plekke waar die kanse goed is om die matrieks aan te tref:**

| Plek | Tyd | Toestand |
|---|---|---|
| 1. L.C. | 1. Vrydagaand | 1. minder aktief |
| 2. Snoepie | 2. Pouse | 2. sonder geld |
| 3. L.O. | 3. Wiskunde periode | 3. effens gespanne |
| 4. Stad | 4. Interhoër | 4. voetseer |
| 5. Bed | 5. Eksamen | 5. lui |



*Matrieks altyd besig ... maar nie met die boeke nie ...* **(Foto: David Louw).**

## Koffiekroeg

**Op Vrydag, 23 Februarie, het die ACSV 'n samekoms gereël. Die geleentheid het hulle 'n koffiekroeg genoem. Daar was wel koffie, maar die kroeggedeelte in die woord was net om die seuns te lok. Die vier Mullerbroers, Ferdie, Fanie, Frikkie, Francois het 'n verskriklike fees gehou. Daar is heerlik tweestemmig gesing (tagtig meisies teen vier seuns) en die atmosfeer was heel vrolik.**

'n Handjie vol meisies het dae en nagte gewerk en strikkies en haartjies aan tweehonderd suigstokkies vas te bind, wat die vier seuns in 'n oogwink verslind het. Hulle moeite word opreg waardeer.

Die Louw-broers (Niel en Braam) het vertel van die ondervinding wat hulle lewens verander het. Niel het sy linkerarm verloor en sy broer, Braam, het sy regterarm en been verloor toe hy Niel probeer red het. Hulle het deur die genade van God oorleef en leef vandag normale lewens. Die gemiddelde haarlengte by die Muller- en Louwbroers was in die ses-houe-by-die-hoof afdeling en die meisies het darem ook iets gehad om te verslind. Dit was voorwaar 'n aand om nie te mis nie en ons hoop dat meer seuns dit in die vervolg sal bywoon.

— Louis Botha

# Matriekbraai

**2 Februarie was beslis nie 'n gewone dag nie. Wat as 'n wolklose dag begin het, het later in 'n koue, reënerige aand verander.**


Die slegte weer kon egter nie die matrieks afskrik nie, en die matriekbraai (waarna almal so lank uitgesien het) het voortgegaan. Die groepie bittereindes het hulself op AHS se gronde tuisgemaak. Selfs die koshuis se eetsaal het deurgeloop. En die vierkant sal ook nie gou weer dieselfde wees nie. Hier is piekniek gehou en tot laat gedans.

Almal wat die aand bygewoon het, kan getuig dat dit 'n baie genotvolle en plesierige aandjie was!

— Mindie Rischmüller —



# Prefekte Diens! Hekdiens!



# Laaste sokkie?

**Wat wou!**

**Die geweldige onsekerheid met betrekking tot die toekoms van sokkies by Affies is gou-gou uit die weg geruim. Die omstrede "kode blou-sekerheidskaartjies" wat baie ontevredenheid by die Affies ontlok het, blyk toe heel suksesvol te wees.**

**Verset**

Die eerste sokkie wat by AHS aangebied is met die nuwe stelsel van "kode blou-sekerheidskaartjies" is hewig geboikot. Daar het weinig ondersteuners opgedaag. Gelukkig het die Affie-manne gou besef dat hulle met sulke verset net hulself benadeel en met die daarop volgende sokkie het dit veel beter gegaan en die geld het weer ingestroom.

**Sukses**

Met die bekendstelling van die "kode blou-sekerheidskaartjies" het mnr Van Rooyen die saak goed verduidelik en dit vir die Affie-manne uitgespel: "hou die gommies weg van die sokkies en die skool". Die opstandigheid wat by die seuns geheers het, is iets van die verlede. Daar kan voortgegaan word met die afbreek van die Elizabeth Steÿnsaal en die Gert J Potgietersaal tydens 'n wilde Vrydag of Donderdagaand.

**Toekoms**

Alhoewel daar 'n gebrek aan spasie in die AHS sowel as die AHMP se sale is, sal dit nie 'n Affie van 'n sokkie weghou nie, nie solank daar nog meisies en ritme by die sokkies is nie.

— Johan O'Kelly

# St 9-Sosiaal

**Met die eerste sien- en hooropslag was almal dit eens — St 9 sosiaal — kon daar nie net 'n beter naam gegee word nie? Die "De Lange-braai" is voorgestel, maar toe nie amptelik erken nie.**

By AHS aangekom op Vrydagmiddag 16 Februarie, het dit maar bra flouerig gelyk. Een stil, leë swembad en 5 verdwaalde braaiers het van ver af die indruk geskep dat die skool besig is om af te brand. Maar soos die tyd aangestap het, het die kinders ingestap. Vanuit al die hoeke en gate in Affieland het nuuskierige standerd neges opgedaag. Nie lank nie of daar was 'n grootskaalse geveg, let wel: GEVEG, op die selfgemaakte sagtebalveld. Twee "jonge dames" het om verskillende redes al gillende op 'n bof afgehardloop en met 'n tref en 'n slag, sien jy net 'n Mareleen en Dorette spat. Nie lank daarna nie of Jackson slaan 'n haastige Friedie met 'n regteragteruit-haakhou, soos die Engelse sê: "level with the ground." So het almal op verskillende maniere hul staal op die veld gewys.

Die swembad was ook nie lank stil en leeg nie. Vinnig-vinnig het 'n paar kragmanne hul spiere probeer bult en meisies swembad toe gedra. Meeste het uitgeput en natgesweet saam in die swembad geval. In uitsonderlike gevalle het 'n paar kragmeisies 'n man of twee swembad toe gedra. Tussenin was daar nog 'n volskaalse braaiery aan die gang. Selfs 'n paar honde het ietsie gekry om te eet!

Aan die einde van die dag kon almal, sommige (is dit nou Karin en Morné of Eoné en Johan of ...?) met 'n besliste vonkel in die oog, verklaar dat die middag 'n reuse sukses was. Dit was voorwaar 'n puik begin vir 'n feestelike standerd nege jaar!

— Jolize van Schalkwyk st 9.



SAVBR
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsredakteurs
wil u alles leer van:
skryfkuns
Bladuitleg
ontwerp
fotografie vir 'n skoolkoerant
en veel meer ...?
Kyk uit vir inligting oor 'n kursus in die volgende stroom-op

# Redaksie

**Redakteur:** Chris Steyn
**Sub-redakteur:** Philip Blom; Herman Stander
**Verslaggewers**
**Kultuur:** Michiel Botha, Anton Müller, Johan van Dyk, Henry Hoffman.
**Sport:** Gustav van der Westhuizen, Abri Venter, Ulrich Kotzenberg, Johan O'Kelly
**Fotograwe:** Gustav van Rensburg, David Louw
**Redaktrise:** Rachel Kruger
**Subredaktrise:** Susan Kruger
**Kultuur:** Phillippa Barnard, Frances Burger, Kato Odendaal, Mindie Rischmüller
**Sport:** Nicola Joubert, Friedie Jacobs, Donette Boshoff
**Algemeen:** Denise Janse van Rensburg, Anna-Lynne Marais, Ulla Botha
**Foto's:** Susan Kruger, Renzo Fourie, Adine Roode, Nadia van der Walt
**Spotprente:** Cornelia de la Rey





*Die gelukwensinge tydens die Interhoër atletiek byeenkoms.*

# Feesaandenkings


— **Phillip Blom**

**AHS se sewentigste verjaarsdag kan beslis nie ongesiens verbygaan nie. Daar is besluit om die trots en tradisie van ons skool nog verder uit te bou d.m.v. 'n feesdas, trui en T-hemp.**


Mnr J Roux, die talentvolle kunsonderwyser van AHS, was verantwoordelik vir die ontwerp van die das. Die oorspronklike ereskoolbaadjie se kleure was die gedagte maar ongelukkig kan die wewers nie dieselfde kleur verskaf nie en die uiteinde is toe die grys das. Die das vertoon egter baie goed teen ons grys skoolkleure en veral wanneer dit by die wit hemp gedra word.

Die ontwerp van die feestrui is baie eenvoudig maar enig in sy soort. Dié eer om dié trui te dra kan slegs 'n oud-Affie en Affie-ondersteuners te beurt val.

Te dankie aan ons skool se helder kleure, kon Fearika Heyns vir ons 'n sterk visiele briefhoof ontwerp met die syfers 70 daarin. Mnr J Roux het besluit om dieselfde ontwerp van Fearika Heyns te gebruik vir die agterkant van die T-hemp. Die voorkant van die T-hemp is eenvoudig maar elke Affie sal saamstem dat die T-hemp ook iets is om op trots te wees.



*Mnr en mev Kruger geniet die Feesvieringe.*




## Briewe

### Sosiaal

*Ons wil net dankie aan die Koshuis sê dat hulle al die sosiale wat hierdie jaar al plaasgevind het, bygewoon het.*

*Ons wil net 'n versoek aan die skoolkinders rig om asseblief die koshuis by die sosiale te ondersteun.*

*Baie dankie. Die koshuisbrakke*


*Dit het onder ons aandag gekom dat sekere AHS-matrieks hulle kopvelle aan die son blootstel. Die rede hiervoor is nie baie duidelik nie, maar sekere persone meen dat dit slegs 'n identiteitskrisis is wat deurgemaak word. Hierdie probleem laat ons egter steeds met die hande in die hare sit. Goeie raad aan die meisies egter, is om gewoond te raak daaraan, want hare groei slegs 'n kwart millimeter per dag!*

**— Anoniem in Matriek**

# *ACSV-seuns bo!*

Op 23 Februarie het Seuns- en Meisieshoër se ACSV 'n deurnag gehou. Ons meisies het baie daarna uitgesien. In ons onderbewussyn het ons dit in gedagte gehou dat Seuns Hoër ook daar gaan wees, maar dit het ons nou nie juis vreeslik opgewonde gemaak nie, want ons was reeds bewus van die feit dat hulle mos 'n "lekka image" het! Tog het ons die aand **vreeslik** geniet en nog meer die seuns se geselskap. Dankie — julle was puik!

**Sosiaal - liefhebbers! Amerie, Marries, CC (Marna Pretorius, Corné Christensen, Anne-marie du Toit)**



*Hoekom moet ons skoolklere dra? Ek val nie meer vir die rede dat party kinders te uitspattig sal aantrek en ander sal sleg voel nie. Ek dink dis nonens. In Amerika dra almal demins en T-hemde. Weet julle hoeveel geld word op skoolklere gemors terwyl daar mense is wat doodgaan van honger? Dis 'n skande! Vat nou maar die keppie wat plus minus R22 kos. Vir R22 kan 'n mens vir te minste 20 mense elkeen 'n hele brood gee. Ek bepleit die afskaffing van skoolklere omdat dit totaal en al onekonomies is.*


**Dink ekonomies, St 7**




*Die prefekte in noue kontak tydens die Fees!*




*Mej Venter lewer haar weergawe van die skole se geskiedenis op haar treffende wyse.*



*Die AHS en AHMP-personeel verkeer gesellig saam.*




*Dr Edwards verkneukel hom ...*




*Mnre Nico Visser, Eric Grimbeeck en ds A de V Visser. Oud-Affies uit die twintigerjare.*

**Egte leergordels vanaf R15**
**Leerhandsakke vanaf R40**
**Beursies, sakke**
**Prys op aanvraag veskaf**
**Danie du Toit**



*Kato Odendaal — oorhandig aan mnr Erik Grimbeek sy deel van die verjaarsdagkoek.*



*Almal staan op aandag wyl die Landsvlag gehys word.*

# *Affie — Reünie*



*'n Blye weersiens wanneer mnr NC Roesch (oud-hoof AHS 1974-1984), mev D Terblanche, vrou van mnr JDV Terblanche groet. Mnr Terblanche, geeerde gasspreker en oud-hoof 1970-1973 en tans die Superintendent-generaal van Onderwys.*




*'n Geskiedkundige gebeurtenis om soveel oud-hoofde en oud-onderwysers byeen te kry: VLNR: mnr JDV Terblanche (oud-hoof 1970-1973); mnr AJW Uys (oud-onderwyser 1945-1977); mnr C le Roux (oud-onderwyser); dr GJ Potgieter (oud-hoof 1947-1963); mnr NC Roesch (oud-hoof 1974-1984); mnr TLP Kruger (huidige hoof); mnr FK van der Westhuizen (oud-onderwyser 1953-1979); mnr P Bosua (oud-onderwyser 1944-1982) en mnr P Crouse (oud-onderwyser).*




*Juf Agnes Holtzhauzen, oud-hoof AHMP vanaf 1964-1985 besig met haar treffende feesrede.*



*Ds Jan A van den Berg (oud-Affie 1957) en mev Van den Berg in 'n vrolike stemming saam met hul seun, Jan-Albert, oud-onderhoofseun van 1988 en sy metgesel.*



*'n Verjaarsdagruiker met 70 kerse!*



*Dr Pierre Edwards (oud-Affie 1970) tans senior adjunkhoof ook, en seremoniemeester en sy vrou, mev Aryna Edwards by mnr Frans Coetzee (1929 en 1930).*




*Van die ouer garde in vrolike en nostalgiese oproep van herinneringe, almal leerlinge van die Afrikaanse Hoërskool in die 1920's!*



*Oud-Affies in ligte luim, agter vlnr: Wildu du Plessis (1987); Marcel Raath (1972 Katvoet Raath); Tweede ry: die broers Paul 91989) en Tielman Roos (1987); Gert Pretorius 91987); Faan (1987) en Theodore de Klerk 91987). Voor sit Henning Marais (1987) en Kobus Spaarwater (Hoofseuns 1987).*




*Oud-Affies: Dr Jan Wessels, mev Elize Wessels; mev Eleanor Kretzachmar, mnr Andre Kretzachmar. Agter: mev Marlene de Lange, mnr Eben de Lange en ander oud-Affies in vrolike stemming.*



*Die alombekende Affie gesin: John-Louis (st9); Dawid (1986 prefek); Gert (oud-onderhoofseun 1987); Marié Pretorius (prof GJ Potgieter se dogter en 'n oud-Affie AHMP 1959) Jan Pretorius (hoofseun 1959, tans oud-Affie Leerlingbond voorsitter) en Jan-Lodewyk (hoofseun 1989).*



*Oud-Affies uit die vroeë bestaansjare wat hul alma materfeesvieringe bygewoon het.*




*Min Magnus Malan, eregas, het vanaf die Kaap gekom aan sy almal mater se feesreünie by te woon.*



*Mnr Vic en mev Bessie de Kock verkeer gesellig met mede-oud-Affies.*

**Met dankbare erkenning vir die foto's! Fotograwe: David Louw, Gustav van Rensburg, Francois Grobbelaar.**




*Uitgespan met 'n koffiekan.*




*'n Skaapboud vir één.*





*Hy hét ... wat hulle NIE het nie ...*




*"Nee Steven, ek kan nie swem nie!"*




*Assit nie keppie issie, issit 'n kappie oppie koppie!*




*Life in the fast lane.*





*... en dis maar eers kwartaal één!*



*BESOEKTYD*




*Onnies kan ook werk! !&=w*






*We are marching to Magnolia ...!*



*Nóg 'n Omri (—sug—)*



*Kaptein Oosthuysen in aksie (007).*


*Affies in wit en blou.*


*Hulle smaak so lekker, want hulle eet so lekker!*


*Die Prefekte se gebroke sewentig.*


*Vier standerd negetjies.*


*Dômess ...*


*Moenie so drentel nie, kinners!!*

# Geen druipelinge!! AHS Akademie bly nie agterweë nie!

**Die '89 matrieks het weer eens bewys dat hul as 'n baie goeie matriekgroep bestempel kan word. Dié groep het nie net alleen skitterende sportmanne en kultuurreuse opgelewer nie, maar het in die geheel ook akademies goed presteer.**

**Beste presteerders**


Reiner de Kock staan kop en skouers uit met sy 6 onderskeidings wat hy behaal het. Dit is voorwaar 'n besondere prestasie en 'n mooi ideaal om na te streef.

Gerard du Plessis en Tiaan Schutte (akademiese Dux-leerling) het albei besonder presteer met 5 onderskeidings elk. Gerhard du Plessis het meer as sy deel bygedra en by baie sportsoorte onder andere, rugby, swem en waterpolo. Hy was daarby ook 'n prefek en 'n ware Affie. Tiaan Schutte het ook sy kant in die blaasorkes gebring waarvan hy 5 jaar lid was.

Roché Janse van Rensburg, een van AHS se onderhoofseuns, het met 4 onderskeidings geslaag en ook uitgeblink op kulturele gebied en veral in die redenaarskuns.


**Ander presteerders**

'n Goeie klomp matrieks het 3 onderskeidings behaal nl. Barend Gildenhuys, Werner Petrick, Werner Stochoff, Christiaan van der Merwe, Garnet van der Walt en Christo van Dyk.



*Affies word goed verteenwoordig deur die twee oud-Affies en tans Affie-personeel verbonde aan beide skole: mnr Dirk en mev Danielle Heyns.*

# Die Myburghs by Affies



*Agter vlnr: Mej Susann Myburgh* 'n leerling aan AHMP vanaf 1981 tot 1985. Sy verwerf ereklere in elke standerd vir haar akademiese prestasie. Sy doen diens as prefek vir twee jaar en verteenwoordig AHM as eerste span hokkiespeler vir twee jaar. As student by UP het sy ook hokkie gespeel en verwerf haar BA HOD met Geografie, Duits en Sielkunde met lof. Skoolvakke waarvoor sy tans verantwoordelik is, is Duits, Aardrykskunde en Beroepsleiding. Sy doen ook diens in die meisieskoshuis. Sy tree op 7 April in die huwelik. *Mnr Louw Myburgh:* Hy is by AHS vanaf 1980 as Departementshoof opvoedkundige leiding. In die tien jaar het hy rugby afgerig, was prefekvoog, leerlingraadsvoog en het hy ook die drilpeloton afgerig. Hy is tans hoof St 10-voog.

**Mnr Mattheus Myburgh:**

Sy skoolloopbaan by AHS begin in st 7 (1981) — hy slaag st 10 1984. In die jaar was hy ook skoolprefek, in die junior standerds was hy klaskaptein. Hy het vir die senior spanne rugby en krieket gespeel. Na matriek is hy na die Onderwyskollege Pretoria waar hy die HOD (Technika) volg. Hy dien vir twee jaar op die huiskomitee van Dagstudente as voorsitter van die Sosiale Komitee. Tans is hy besig met sy finale jaar diensplig as luitenant by Afdeling Militêre Inligting. Hy is op 17 Februarie 1990 getroud met Wilna Grey, 'n mediese student.

*Voor: Mev Lousa Myburgh*, sy is die spil waarom hierdie Affies draai. Sy was die afgelope dekade verantwoordelik dat hulle betyds; gekam, geskeer, gewas en gevoed hulle deel by Affies kon bring. 'n Fyn, talentvolle vrou en moeder!

# Skandaal by Affies

**Ongelukkig het 'n uitstekende idee tot niet gegaan as gevolg van AHS en AHMP se swak bywoning by die "Sing Songs". Die "geesvang"-geleentheid is verskuif na pouses waar al die seuns teenwoordig is en het onder leiding van die dirigente sing!**

Die seunskoshuis by AHS het altyd daarop aangedring om as die kern van die skool bestempel te word. Die koshuis is, volgens hulle, die géés van die skool. Die koshuis kan met reg die aan hulself toeken, siende dat hul by sommige "Sing Song"-aande die enigstes teenwoordig was. As net die helfte van AHS by so 'n aand teenwoordig was, sou die getal ongetwyfeld 'n rekord by die Sing-Songs breek. Die "dorp leerlinge" van AHS en die AHMP het hulself in die skande gesteek.

Gelukkig het dit nie met elke aand só sleg gegaan nie. Dié aande wat wel suksesvol was, het almal entoesiasties deelgeneem aan die samesang. Die dirigente het die seuns en meisies se entoesiasme laat vlam vat veral Anton Vorster.

Hopelik het AHS en AHMP besef dat slegs getroue bywoning van "Sing Songs" die toekoms daarvan sal bepaal. AHS en AHMP bevind hul in die feesjaar van hul bestaan en om 'n sukses van die sewntigste bestaandsjaar en sy feesvieringe te maak moet elke Affie sy of haar kant bring.

**— Johan O'Kelly**

# AHS se eie Rekenaarsentrum

**— C van Wyk**

**In die eeu van vooruitgang bly AHS nie net betrokke by sy verlede deur sy tradisies te bly handhaaf nie, maar maak ook geskiedenis met vooruitgang.**


Die Afrikaanse Hoër Seunskool bied ook nou rekenaarstudie as sesde vak aan — tans slegs vir St 8-leerlinge. In 1992 sal dit vak egter van St 8 tot St 10 aangebied word. Danksy die kunige hulp van mnre Van Rensburg en Purchase (ouers), die TAO-terreinkomitee en Info-plan is gesorg dat die klas soos 'n moderne toegeruste rekenaarsentrum lyk en funksioneer. Die sentrum is toegerus met 22 rekenaars waarvan 20 Panda XT's en Olivetti's is.

Die rekenaarsentrum word nuttig deur die rekenaarstudieleerlinge en Rekenaarsklublede gebruik. Mev. Stoffberg bied rekenaarstudie aan vir 21 leerlinge en mev. Booysen is in beheer van die Rekenaarklub met sy 70 klublede.

Fondse word steeds gein om die totale koste van om en by R80 000 te kan delg. Die oud-Affie Trust sal ook 'n geldelike bydrae lewer.



**Jeugkomitee:** *Michiel Botha, Chris Steyn, Erich vd Linde, Jaco Gouwer, Stephan Louw, Elzette Jooste en Eltte de Jager.*



*Die Noord-Transvaal Jeugkoorlede: Charl Gibbon, Johan Nel en Robert Wilke.*

**Ander NTvl-kleurverwerwers:** *Chris Steyn (Lewensredding senior span); Jacques de Jongh (Tweekamp); Christo Potgieter (NTvl en Tvl-bonde rugby); Johan de Beer (Tennis); Richardt Kemp (Basketbal); Erich van der Linde (Swem en Tweekamp); Johan Bekker (Swem); Philip Roesch (O/15 Krieket); Du Toit Botes (O/15 Krieket); Coillard Ford (Lewensredding); Shaun Williams (O/14 31 kg stoei); Alexander van Rooyen (Gimnastiek) en Dirk van der Merwe (O/13 Sagtebal/ook Malcolm Williams, Jaco Schot, Raymond Parsons, George en Shelden Heyer en Etienne Jurgens).*

# Die Junior Stadsraad van Pretoria

**Die Junior Stadsraad van Pretoria is 'n organisasie wat hom daarvoor beywer om 'n beter leefwêreld vir die jeug van Pretoria te skep.**

Die Affies word op die Raad verteenwoordig deur Susan Kruger en Jolize van Schalkwyk van die AHMP en Michiel Botha, Erich van der Linde en Chris Steyn van die AHS. Die leerlinge beklee die volgende posisies in hulle onderskeie komitees: Susan Kruger — ondervoorsitter (Sportkomitee); Michiel Botha — ondervoorsitter (Jeugkomitee); Chris Steyn — voorsitter (Jeugkomitee) Redakteur van die Vitge.

Die Sportkomitee beoog om gedurende Maart 'n interskole Vlugbalkompetisie op die Weermagbane te Voortrekkerhoogte aan te bied. 'n Pragtige wisseltrofee sal op die spel wees.

Die bekendste projek van die Jeugkomitee is sekerlik die Jeugbal. Almal wat hierdie geleentheid in die verlede bygewoon het, sal getuig dat dit 'n besondere aand is. Die 1990 Jeugbal vind op 30 Junie plaas. Kaartjies sal vanaf April beskikbaar wees.

Die raadslede van Affies spreek hulle hoop uit dat die leerlinge veral dié twee funksies van die Raad ten volk sal ondersteun.

# AHS stig eie Marathonklub

**— Henry Hoffman**

**Vir langafstand entoesiaste wat in die verlede onder die naam "Kalahari Roadrunners" deelgeneem het, is daar goeie nuus. Op 26 Februarie is die AHS Marathonklub amptelik in die lewe geroep vir die langasem entoesiaste.**

Die Marathonklub sal onder mnr L Swart gedy. Die bestuur:

Voorsitter: Willem Jordaan; Sekretaris: Leon Maritz; Addisionele lede: Willem Mentz en Jacques de Jongh.

Die langasems sal voortaan in die AHS atletiekdrag mag deelneem mits hulle bo sestien is en R20 vir 'n N Tvl-nommer betaal het. Daar sal ook gepoog word om altyd vervoer beskikbaar te stel vir die lede na en van byeenkomste.

Verseker is die wens dat die klub van krag tot krag sal gaan en nooit sal besef wat hulle werklik doen nie.

APEX CONSULTING SERVICES

Verskaffers van alle Rekenaar Harde- en Sagteware.

en

Rekenaarburo

Tel. 011 - 838-3831

# Die sin van Kuns in ons lewe

**Wat beteken die madonnas van Raphael tot Da Vinci? Wat is die blokke en strepe van ons moderne tyd? Dis Kuns.**

Sommige beskou dié Kuns van 'n afstand en distansieër homself daarvan. Is dit regtig nodig om die egensie daarvan te bewonder? Of bly dit tog maar net 'n ding wat vir ons onbelangrik is? Kuns is egter belangrik in Die Kultifering van mense op 'n intellektuele vlak. Diep in elkeen van ons is daar die drang om te bewonder of om te skep. Dit word, deur die vrees op kritiek of ander se sienings doodgedruk. Leonardo da Vinci het gesê: "'n Kunstenaar skep nie met sy hande nie, maar met sy verstand."

Kuns is alles behalwe verf op 'n doek of potlood op papier. Dis die gevoel of emosie wat daaragter skuil wat deur waardering of bewondering na vore tree. Wanneer kuns in 'n gesprek genoem word, begin en eindig met gesprek met Picasso. Hy is een van baie. Daar is soveel kunstenaar waaroor bespiegel kan word.

Party mense het die idee dat "moderne kuns" blokkies of spatsels kleure op 'n doek is. Daardie tipe kuns dateer vanaf die dertiger tot die sestiger jare.

Hedendaagse kuns is veel meer georganiseerd en beplan.

Kuns is 'n eietydse ervaring. Al is dit slegs een uit tien wat die diepte, en weggesteekte sin daarin kan bewonder. Ons hét kuns nodig. Dit dien as 'n middel tot emosionele en estetiese kommunikasie. Of bly kuns maar net die prentjie op die papier?

Om in kuns belang te stel is om in jouself belang te stel en om jou diepste waardes tot uiting te bring. Ons woon in 'n land waar min mense veel omgee oor kuns. In Europa sal jy met enige mens 'n gesprek oor Rodin of Monet kan aanknoop. Hoeveel van ons weet van die honderde rigtings waarin kuns sy weg gebaan het?

Om te skep, om te waardeer of te bewonder is om jouself te laat dink.

**—MJ Lourens. St 9**


# *Ballade van 'n Skoolkind*

**Met apologie aan Eugene Marais**

O koud is die klaskamer en kaal,
Dof is die kinders en vaal.
En hoog teen die mure, geskryf op papiere
is tafels en somme
vir elkeen wat dom is.


In elke bank sit 'n kindjie gevou
wat vinnig verbleek
as sy dié tragedie aanskou.

**— Laura Odendaal**




# *10 Irish Inventions*

An inflatable dartboard
A waterproof teabag
A helicopter with an ejector seat
A pedal wheelchair
A polystyrene sub-marine
A hammer with a sponge head for glass objects
A peephole for glass doors
A solar powered torch
A bathplug with saftey holes






# *Modes, modes ...*

**Daar is altyd die onder ons wat 'n bietjie oud-modies is. Ons het dit dus goed gevind om 'n paar liglyne te gee.**

**Hare:** Jou hare moet lyk asof dit jou moeite gee. Vermy haarstyle wat maklik beheerbaar lyk. Wanneer jy dit nie regkry om jou hare ongekam of windverwaai te laat lyk nie ... sny alles af, ja álles!

**Gesig:** Donker kringe om die oë is in! Die enigste manier om dit te verkry is 'n paar láát nagte — dus geen probleem vir die matrieks nie.

**Kleredrag:** Klere wat pas, is definitief uit! Koop slegs "x-large". Standerd sesse mag wel ook "large" koop. Pastelkleure is ook iets van die verlede en 'n blomtuin op jou rug sal 'n baie beter effek hê. Jou oupa se leerskoene met regte egte marinorieme is net die ding. Indien jy nie so 'n weelde-artikel besit nie — loop liewers kaalpoot voor jy "Gyppas" dra!! Salvation Army klere bly altyd 'n treffer (jy kan jouself gelukkig ag as daar 'n tak in jou omgewing is).

**Houding:** Wat jy ook al doen, moet net nie regop loop nie! (dit mag rumatiek tot gevolg hê). Vir indrukwekkende klankeffekte kan jy voete sleep op begeleiding van 'n binnemondse gemompelry. Geboë skouers (én 'n geskeerde kop natuurlik) dra by tot 'n algemeen vaartbylynde voorkoms.

**Lewensuitkyk:** Geen.


**Morele waardes:** Ten strengste afgekeur.


Volg dié wenke getrou na en wees 'n gelukkige, modieuse tiener!

**— Michiel Botha**

# Definitions:


Debate: da stuff dat chatches da fish
Defeat: da things dat you walk on
Detail: da thing on de back of the cat
Define: Da thing you pay when you break da law
Despise: da people who look through windows
Denial: da river in Egypt
Defer: da stuf that covers da dog
Debug: da thing dat causes da itch
Deliver: da enemy of alcohol
Delight: da thing that shines when you switch it on






# Stel jou die standerd agts voor:

- Anina sonder 'n standerdsraadbalkie.
- Gina met kort hare.
- Esther met wit bene.
- Corlie sonder peppermente.
- Minnette met dik hare.
- Schimoné met 'n "image".
- Marika sonder 'n paperbag.
- Adele sonder 'n glimlag.
- Michelle wat leer vir 'n toets.
- Nicole sonder oorronding.
- Liezl met lang bene.
- Lizette met 'n lang rok.
- Marga sonder 'n crash-dieet.
- Vinia sonder 'n kort humeur.
- Jeané met 'n kuif.
- Anke sonder 'n kuif.
- Miems met swart hare.
- July sonder Miems.



**Verbeel jou:**

- **Juf van Schalkwyk:** geklee in enige ander kleur behalwe pienk.
- **Juf Müller:** wat kougom kou en 'n vurige netbalondersteuner is.
- **Juf Niebuhr:** is afwesig.
- **Juf Jessen** — wat werk net éénkeer verduidelik.
- **Juf du Plooy:** wat vinnig praat.
- **Juf van Straaten:** sonder 'n 'dictionary'.
- **Juf Swart:** wat op 'n kind skree.
- **Juf Greeff** (Beroepsleiding): wat jou 'n Beroepsleiding-periode afgee.
- **Juf Vink:** wat dieselfde haarstyl vir langer as 'n week.
- **Juf Troskie:** wat 'n kind nie kan peil nie.
- **Juf de Munnik:** wat Afrikaans praat.
- **Juf Myburgh:** sonder haar asemhalingsriglyne voor 'n toets.
- **Juf Anderson:** wat 'n kind strafklas toe stuur.
- **Juf van Vuuren** (Engels): sonder haar groen bokse.
- **Juf Nel:** sonder 'n stem.

**Affies se klok:** wat lui sonder dat dit na sy laaste stuiptrekkings klink.

# *St 9 — Opsomming*

*Periode 1, die Wiskundeklas*
*ek staar verlate na die gras*
*en dan in Juffrou se oë vas.*

*Periode 2, is Afrikaans,*
*Die Juffrou laat die klinkers dans*
*Hierna volg die Grieks, ag Pyn*
*ek bedoel natuurlik die Latyn.*
*Dan is dit die skeinat-klas,*
*ek loop my in vektore vas*
*en sit vir twee periodes so.*
*'n Dubbel Biologie volg die Skeinat op,*
*die sigospoor het 'n harde dop.*
*By Rhizopus en die alg.*
*Pouse, eindelik, halfpad deur.*
*In Engels bly ek meestal stil.*
*My uitspraak laat die Juffrou ril.*
*Dan is dit LO, wat 'n troos,*
*aan die einde is ek voos.*


*Nou is dit 'n kilometer stap,*
*die musiekhuis, o, daai nare trap!*
*Dis die einde van nog 'n dag.*
*Môre doen ek alles nog 'n slag.*


**— Anoniem**

# *'n Ware Affi*

*'n Affie wattie laggie*
*issie 'n regte Affie.*
*'n Affie wattie singie*
*sal g'n beker bringie.*
*'n Affie wattie pratie*
*sal nooit kantoor toe gatie.*
*'n Affie wat die jewelry dra*
*kry sommer gou-gou sla.*
*'n Ware Affie word nootie saggie*
*en dis hoe jy weet sy's 'n Affie.*


**— Anoniem**





## Top 10 "oldies but goldies"

1. Rifle — "2 little respect"
2. Marquerite — "A question of pride"
3. Varenka — "Kissing a fool"
4. Alida — "Yahoo"
5. Cecil en Vriende — "Bad Boys"
6. Meliza — "Ever fallen in love"
7. Kato — "Don't let it get you down"
8. Hanré — "Surfer Girl"
9. AHS-matrieks — "Brilliant disguise"
10. Cyrillia — "China in my hands"





# Skaakkoning

**Victor de Kock**

**Victor de Kock, st.9, het tydens die SA Hoërskole Skaakkampioenskappe so goed presteer dat hy vir die SA Skolespan gekies is.**

Die SA Skole skaakspan het tydens Desember 1989 vir tien dae in Oos-Londen hul slag getoon waar sommige leerlinge in die strawwe kompetisie selfs met 'n gradering van meer as 2000 gespog het.

Victor was een van die twee Noord-Transvalers wat ingesluit is by die span van 10 lede van oor die land. Westelike Provinsie is deur vier spelers verteenwoordig; Transvaal deur twee; een deur die Oostelike Provinsie en een deur Sentraal-Transvaal.

Dit is duidelik dat skaak in Victor se familie se bloed is — reeds is 1989 was hy Affies se tweede bond speler. Sy broer, Renier die bord nommer een speler en ook Ligaspeler van die Jaar is 1987 en 1988 en in 1989 saam met Christiaan van der Merwe Skaakkampioene.

AHS se Skaakklub beleef 'n oplewing ongekend. Heelwat belangstellendes het aangesluit sodat vier i.p.v. drie spanne vir die ligawedstyde ingeskryf word. Die hoop beskaam nie en die verwagtinge is dat 1990 'n groot oesjaar gaan wees. Die skaakspelers glo hul gaan 'n groot suksesjaar onder mev. Saayman se uiters bekwame en entoesiastiese leiding beleef.

# Krieket

## — Eerste Kwartaal Krieketliga

**Ses! "Ag toggie nie nog een nie, Paul!"**

Soos in die verlede blink die Affies op die krieketveld uit! Ten tye van die berig het hulle reeds vier ligawedstryde gespeel en is nog nie verslaan nie.

**Potchefstroom Gimnasium:** (Affies 207vir 5; Gimmies 132 vir 8) Affies wen met 75 lopies. Paul Schutte teken 'n skitterende 102 lopies aan, nie uit nie. Hannes Lessing is uit vir 32 en Stefan Shires vat 2 paaltjies vir34 lopies.

**Garsfontein:** (Affies 152 vir 8; Garsfontein 58 vir 8) Affies wen met 6 paaltjies.Stefan Shires behaal 43 lopies, Gavin Schutte 28 nie uit nie en Philip Roesch teken 31 lopies aan.

In 8 boulbeurte neem Christo Potgieter 1 paaltjie vir 9 lopies. Stefan Shires haal 2 uit vir 15 en Riaan Pretorius 2 vir 14.


**Menlopark:** (Affies 186 vir 4; Menlopark 135 vir 9) 7 paaltjies het Affies hier die oorwinning besorg. Hannes Lessing slaan 64 lopies, Paul Schutte kry 39 nie uit nie en JP du Plooy behaal 26 nie uit die.

Hannes Lessing neem 2 paaltjies vir 36 lopies en Christo Potgieter 2 vir 39.

**Waterkloof:**(Affies 125 vir 7; Waterkloof 64 almal uit).Alfred Rheeder behaal 31 lopies en Hannes Lessing slaan 22 lopies.

Hannes Lessing neem 2 vir 22 lopies; Christo Potgieter 'n uitstekende 2 vir 8; Charl Shires behaal 2 vir 11 en Riaan Pretorius kry 2 vir 15.

Affies wen Waterkloof met 51 lopies.



*Hier sit die manne — en daar staan die...* **Foto: Gustav van Rensburg.**

**Feeskrieket**

(Oud-Affies 184 vir 8; Affies 154 almal uit).Op 26 Januarie, tydens die verjaarsdag feesvieringe van die twee skole, het die organiseerders van die dag se verrigtinge dit goed gedink om die tradisionele "Oud-Affie-Eerstespan-krieketwedstryd" op dié spesiale dag te laat speel.

Die matrieks het hierdie besluit goedgekeur, omdat hulle toestemming gekry het om die dag krieket te kyk. Die matriekmeisies is toe ook genooi en wat 'n heerlike dag langs die krieketveld om die vleisbraaivure.

Duidelik het die ouer garde geweet wat hulle doen en wen die eerstespan met 30 lopies.

Paul Schutte teken 73 lopies aan en Hannes Lessing behaal 26 lopies. Stefan Shires neem 5 paaltjies vir 29 lopies.

Hierdie uitslae bewys: deur uithouvermoë en volgehoue toewyding, kan slegs 'n oud-Affie 'n Affie klop!

# Tennissterre

**Die pas afgelope vakansie het Johan de Beer (Nommer 1 op die ranglys) en Anton Louw (Nommer 2 op die ranglys) soos in die verlede uitgeblink.**

Anton Louw het die Natal Kampioenskappe gewen deur Graig Myburgh met 5-7, 6-2, 6-2 te verslaan. Saam met sy dubbelspel maat het hulle die dubbelspeltitel ingepalm.

Verder af met die kuslyn speel hy in 'n toernooi in Port Elizabeth en verloor ongelukkig in die semi-finaal teen Snyman met 6-3, 3-6, 4-6. Hy en sy dubbelspelmaat wen weer die dubbelspeltitel. Die Oos-Londense toernooi was volgende op sy agenda en hier verloor hy weer teen Snyman met 5-7, 6-7 maar hierdie keer in die finaal. Hy vorder ook in 'n toernooi in Kaapstad tot in die finaal, maar verloor ongelukkig teen Pretorius met 3-6, 4-6. Hy bly in Kaapstad en wen die Rondebosch toernooi deur H van Zyl met 6-3, 6-1 te klop. Hier wen hy ook die dubbelspeltoernooi.

In die Meesterstoernooi word hy in die semifinaal uitgeskakel deur Steenkamp met 4-6, 6-3, 7-5. Hy vorder tot in die finaal van die dubbels voordat hy en sy maat met 6-7, 3-6 verloor.

Johan de Beer wat nou al vir senior-toernooie inskryf, speel in die Noord-Transvaal Ope Toernooi en wen o.a. vir Wayne Ferreira met 7-5, 6-3. In die volgende ronde skakel hy vir Snyman uit met 1-6, 6-3, 6-3 voordat hy in die semi-finaal Honey met 5-7, 7-6, 0-6 klop.

In die Meesterstoernooi wen Johan weer vir W Ferreira met 6-3, 6-4, hy skakel ook vir P Fourie uit met 6-2, 6-4.

In die volgende rondte oorleef hy 'n taai stryd teen Grand Stafford deur hom met 1-6, 6-3, 7-6 te verslaan nadat hy 5 wedstryd-punte teen hom moes afweer. Hy wen ook vir Markos Ondruska met 6-4, 6-0 wat 'n uitstekende prestasie is. Na afloop van die Meesterstoernooi word hy gekies vir die Noord-Transvaalse interprovinsiale span.

Met twee sulke spelers kan Affies nie anders as om die Direkteurstrofee weer te wen nie.



**Een van die mees belowendste tennisspelers in Affies, is Gareth Williams.**

Die pas afgelope Desembervakansie het dié st 7-leerling in Amerika aan verskeie toernooie deelgeneem waar hy soos volg gevaar het:

1. In die Miami Shores Junior International verloor hy in die tweede röndte teen Zigold met 3-6, 6-4, 6-4.
2. In die Orange Bowltoernooi vorder hy tot in die vierde rondte voordat hy deur P Kascjak met 6-7, 1-6 uitgeskakel word.
3. Hy verloor in die tweede rondte van die Pen-Washington Junior International teen Tamboyan met 5-7, 4-6 maar hy en sy dubbelspelmaat, wen die dubbelstoernooi.
4. Die Porto Rico toernooi is volgende op sy agenda en hier verloor hy weer in die tweede rondte teen Meizinger met 2-6, 6-7 en wen die dubbelstoernooi.
5. Die Masters was die laaste toernooi waarin hy gespeel het en hy verloor in die finaal teen Neville Goodwin met 5-7,3-6. Hier wen hy weer die dubbelstoernooi.

Met so 'n belowende tennisspeler in Affies se eerstespan lyk die vooruitsigte vir tennis vir Affies en Suid-Afrika baie rooskleurig.

# Skitter atletiekbyeenkomste

**"Affies die gevreesde"! 'n Paar skole het dit terdeë besef nadat daar 'n paar vriendskaplike atletiekbyeenkomste plaasgevind het.**

**Brits:**

Op 27 Januarie het Affies sy eerste vriendskaplike byeenkoms by die Hoërskool Brits gehad. Elke Affie het net sy beste gelewer, soos Mias du Plessis wat die beste prestasie van die dag behaal met sy gewigstoot (15,24m) waarmee hy 880 punte op die Sasolpuntetabel behaal het. Hoërskool Brits en Bastion Hoërskool het hul beste gelewer, maar die Affies was die oorwinnaars. Die finale puntestand was soos volg:

1. AHS — 707½.
2. Brits — 509½.
3. Bastion — 255.

**Helpmekaar:**

Op 3 Februarie het Affies in 'n tuisbyeenkoms vir seuns deelgeneem teen Helpmekaar en Potchefstroom Tegnies. Affies het 'n A- én 'n B-atletiekspan ingeskryf. Mias du Plessis het geskitter met sy skyfwerp met 'n afstand van 50,14 m en Christo Potgieter met 'n 100m in 'n wentyd van 11,1 sek. Die puntestand was ten einde:

1. Affies A-span — 567;
2. Potchefstroom Tegnies — 475;
3. Helpmekaar — 268;
4. Affies B-span — 198.

**Waterkloof:**

Op 9 Februarie het Affies teen sy sterkste opponent, Waterkloof, deelgeneem. Die volgende skole was ook teenwoordig: Bergsig (Rustenburg), Middelburg Hoërskool en Middelburg Tegnies. Aangesien dit 'n vriendskaplike byeenkoms was, was daar geen puntetoekenning nie.

'n Paar van die Affies het uitstaande presteer, bv. Mias du Plessis se briljante afstand van 55,32m in skyfwerp. Daarmee het hy 'n nuwe Noord-Transvaalse rekord opgestel. Hy het die ou rekord, wat van 1979 af staan, met 'n hele paar sentimeter verbeter.

Ander spogprestasies is die van Zirk Buys, met 'n wentyd van 23,45 in die 200m. Daar soú sekerlik nóg skitterprestasies gewees het, maar die byeenkoms het ongelukkig uitgereën.

Affies het weer bewys dat Affies die gevreesdes" bly!

## Nuwe ouderdomsgroepering vir Rugby

**— H Hoffman**

**Vanaf 1990 word deur 'n nuwe ouderdomstelsel vir skole gebruik. Die nuwe stelsel behels o.a. die aansluiting van 'n nuwe O/16-ouderdomsgroep.**

Waar daar vantevore net vier ouderdomsgroepe was, is daar dus nou vyf groepe nl: O/13, O/14, O/15, O/16 en die oop spanne. Daar is egter nog 'n kinkel in die reëling nl: die lede van die eerste en tweede oop spanne mag uit die O/16-groep gekies word. Dit beteken dat O/16-leerlinge slegs vir die oop spanne mag speel indien hulle eerste of tweede gaan speel.

Dat Affies reg is vir die seisoen is ook nie altemit nie. Die seuns oefen al sedert verlede jaar. Dit is hierdie jaar meneer Van Rooyen se beurt om die eerste span af te rig en sy vermoëns is aan almal bekend. Mnr Van Rooyen rig die N-Tvl Skole Span af en dit is sy O/15-span wat verlede jaar die Direkteurstrofee verower het.

Dit is duidelik dat Affies, soos altyd, vanjaar weer 'n krag gaan wees om mee rekening te hou.

## Springbok Stoeikaptein — Marius Voges

**Mnr Marius Voges het Saterdag, 24 Februarie, te UP Sportsentrum weer eens al vier sy gevegte met punte gewen.**

Hy word vir die elfde keer as Springbok gekies en word ook weer vir die derde keer Springbokkaptein van die stoeispan.

'n Onoorwonne waardige wenner en dinamiese leier wat altyd nederig bly — dit is mnr Marius Voges.

## 'n Harde hou in sagtebal

**Alhoewel sagtebal in die verlede nie baie bekend as sportsoort by die Afrikaanse Hoër Seunskool was nie, is dit nou 'n snel groeiende sportklub wat baie belangstelling uitlok.**

Dadelik het Affies die potensiaal raakgesien en in 1989 hul staal begin wys deur O/14, O/16 en O/19-spanne in die veld te stoot om te kyk hoe hulle teen die bestes kon vaar.

Aan die begin van die jaar het Affies verneem dat Etienne Jurgens en Pieter Reichert Noord-Transvaalkleure verwerf het, en een en almal kan maar net vertrou dat dit hierdie jaar nog beter sal gaan.

**— Abri Venter**

## Skerm

**Skerm was eers 'n sport wat deel was van elke jong man se basiese opleiding, maar sedert die dae van tweegevegte, het die belangrikheid van skerm vir oorlewing al hoe meer op die agtergrond geskuif.**

Tans is dit 'n eksklusiewe sportsoort wat deur 'n klein groepie sportmanne beoefen word, maar groot genot en bevrediging verskaf.

Skerm behels nie net 'n aantal tegniese bewegings wat vinnig op mekaar volg nie, maar ook blitsvinnige optrede en 'n fyn aanvoeling om deur taktiek jou opponent te uitoorlê.

● **Sport**

# Interhoër Atletiek

Rachel Kruger

**Skole wat die AHMP as 'n kompetisie-faktor op atletiekgebied deesdae gering skat, maak 'n reuse fout. Dié wanindruk is deeglik uit die weg geruim ná Vrydag 2 Maart se Interhoër op Pilditch.**



*Suzanne Cullen in aksie.*

Elke atleet het haar beste gegee en gewys presies wat in haar steek. So het ons atletiekspan entoesiasties volgehou en 'n derde plek behaal. (Die eerste en tweede plekke is deur die meisies van Wilgers en Waterkloof ingepalm).

'n Hele paar atlete het plekke behaal en stof in die oë van verbaasde teenstaanders geskop. Ons kranige standerd ses atleetjie, Suzanne Cullen, het selfs as die Junior Victrix Lodorum van die veld afgestap.

Die gees op die pawiljoene was onverbeterlik. Die skare blourok-Affies het almal se aandag getrek en onderwysers en ouers met trots laat toekyk. O.l.v. die ses dirigente het Affies soos die boerevroue van ouds, die stryd kaalvoet aangepak (letterlik en figuurlik). Ons het 'n paar nuwe gebruike van skoolskoene uitgevind en die ander skole verskrik laat terugstaan. (Hulle kon dalk om ander redes ook teruggestaan het ...)

Ons weet almal dat wáre gees nie net aan 'n beker gemeet word nie en daarom kan ons verseker sê: "Affies is die beste van die ooste tot die weste ..."

Meisieshoër het voorwaar vanjaar weer haar ware kleure (Affieblou) gewys!



# N-Tvl-afrigter uit Affieland

**Elke middag klokslag, sien ons hom ... 'n Kort maar kragtige meneertjie wat sowat vyftig gróót seuns tot uitputting dryf.**

Mnr Poerie van Rooyen is hierdie jaar as die afrigter van die Noord-Transvaal Hoërskole rugby gekies. Met so 'n prestasie móét rugby in 'n man se bloed wees.

Mnr Van Rooyen se rugbyloopbaan begin al in 1974 by die PU vir CHO, waar hy as 'n jong student vir Potch se o/20 A-rugbyspan gespeel het. Hierdie jaar haal hy die Wes-Transvaal o/20-span en speel hy ook later, as o/20-speler in die Universiteit se eerste rugbyspan.

In 1975 en '76 draf hy op die veld vir PU vir CHO se eerstespan.

Tydens sy Weermag opleiding speel hy in die SAW eerstespan op Oudtshoorn. Hy speel ook dié jaar vir die Suidwestelike Distrikte se senior Provinsiale rugbyspan.

In 1980 begin hy skoolhou by AHS en rig die volgende spanne af: "in 1980 rig hy die vierdes af, in 1981 o/13A, 1982, o/14A 1983, o/15A's af en 1984 die tweedespan. Albei speel in die Noord-Transvaal finaal. In 1985 wen sy eerstespan die Noord-Transvaalliga, en vat hul dié jaar die Direkteurstrofee huis toe. In 1986 speel die eerste span weer in die N-Tvl finaal. Sy o/13A-span wen die N-Tvl-liga in 1987, dié span wen dan ook die N-Tvl-liga as o/14A-span 1988 en in 1989 as o/15 A-span toe hul weer eens onoorwonne uit die stryd en stap met die louere weg as N Tvl-ligawenners en Direkteurstrofeewenners. Dié gedugte span is 1990 se Affie Wit Bulle onder mnr Van Rooyen se afrigting.

Mnr Van Rooyen glo aan opskerping en woon talle kursusse by: 1980 — slaag N-Tvl-afrigterskursus vlak I met onderskeiding; 1987 — slaag N-Tvl-afrigterskursus vlak II met onderskeiding; 1989 — word deur NTRU as skole afrigter genomineer en doen die vlak III afrigterskursus te Nuweland Kaapstad soos aangebied deur die SA Rugbyraad.

Toekennings deur Afrigtersvereniging: in 1985 — Senior span Hoërskole Afrigter van die Jaar. 1989 — Junior span Hoërskole Afrigter van die Jaar.

Die kroon op entoesiasme, opoffering en rugbykennis word gespan as mnr Van Rooyen die besondere eer te beurt val om gekies te word as afrigter van die Noord-Transvaal Hoërskole rugbyspan (Cravenweek) vir 1990.

# Koshuis — hartklop van die skool


**Die hart van die skool het hierdie jaar weer sterk begin klop. Die huissport is sonder moeite ingepalm en die geesbeker, ja wel, koshuis moes die rooies darem ook 'n kansie gee.**


Trots kan gesê word dat die koshuisgees van krag tot krag toegeneem het en dat die koshuis die skool deur 'n moeilike tydperk gedra het. Die hulp van die Goeie Vader, die Godgegewe talente en positiewe voorbeeld wat die seniors stel, is vir die suksesse verantwoordelik.

Die koshuis beskou die eerste kwartaal as 'n opwarming vir die res van die jaar.

**— Ryan van Heerden Koshuishoofseun**

# *Swem 1990*





*"Ons weet ons gaan wen vandag, want eendrag in ons skool maak mag!"*

Ja, jy het reg geraai! Vir die sewende agtereenvolgende jaar het die Afrikaanse Hoër Meisieskool se swemspan daarin geslag om die Interhoër Gala met oortuiging te wen — ten spyte van Girls High se deelname én Menlopark se heldhaftige pogings!

Die Interhoër Gala was egter nie die enigste hoogtepunt tydens die seisoen nie. Vier van die swemsters het daarin geslaag om Noord-Transvaalkleure te verwerf. Hulle is: Ushi Dahlmann, Annette Hartman, Christelle van Niekerk en Mariëtte Kempen. Jean Els is as junior Victrix Lodorum aangewys by die S.A. Lewensreddingskampioenskap.

Sukses kan egter nie behaal word sonder baie harde werk en aanmoediging nie. Die harde werk was "Coach Monean" se afdeling en die aanmoediging dié van mejj Van der Merwe en Geere en mev Heyns, wat elke oggend om sesuur reeds by die swembad was.

Ten einde die woorde van mev Müller, ons getrouste en mees entoesiastiese ondersteuner: slegs vroeg opstaan, baie raas en hard swem sal jaar na jaar die trofee na Affies laat terugkeer.

Dit laat mens dink, né ...

# Ongevalle na aanvalle sonder uitvalle

**Ongevalle na invalle sonder uitvalle — klink dit Grieks? Dan was jy waarskynlik nie by Affies se Interhuis op 19 Januarie 1990 nie!**

Springende, gooiende, hollende en natuurlik singende Affies het reeds van vroeg die Vrydagmiddag af al die sportveld en pawiljoen van Seunshoër versier, gewapen met spiese, gewigte, gespierde bene en baie gees.


So is daar die ganse dag lank aanvalle tussen Geles, Rooies, Groenes en Bloues geloods met 'n paar ongevalle wat van stemlose kele tot verrekte spiere gestrek het. So tussen die noodgevalle deur het die Affies weer eens uitsonderlik goed op die atletiekveld vertoon en rekord op rekort is verbeter met voorbeeld 11 m in die Dogters skyfwerp o/17!

Aan die einde van die opwindende middagaandbyeenkoms, het Huis Malherbe die geesbeker verower en Huis Le Roux met die louere weggestap op die gebied van atletiek.

Namens die redaksie baie geluk aan veral die junior en senior Victoren-Victrix Ludorum leerlinge: Suzanne Cullen (jnr), Juanita du Plooy (Snr) en alle ander Affies wat nog 'n Interhuis as 'n stukkie tradisie verewig het.




*Die Geel Dirigente!*



*Die wenspan (gees!) se dirigente!*

GEBRUIK
SLEGS
Egte Suiwel
MET KOMPLIMENTE VAN DIE
SUIWEL DIENS ORGANISASIE

## SPORTMAN VAN DIE KWARTAAL



*Mias maak gereed om die skyf die atmosfeer uit te stuur.*

**Mias du Plessis:**
**Interhuis:** 19 Jan 1990
Beste Veldatleet en Senior Victrix Ludorum
Drie Rekords verbeter:
SW O/17 53,54m 990 punte
GS O/17 14,77m 835 punte
300m H O/17 40,95 725 punte
**Brits:** 27 Jan 1990
Beste prestasie:
GS O/17 15,24 880 punte
SW O/17 48,10 840 punte
300m H O/ 39,7 805 punte
**Affies:** 3 Feb 1990
Beste prestasie:
SW O/17 50,14m 895 punte
GS O/17 14,68m 830 punte
300m H 39,75 805 punte
**Waterkloof:** 9 Feb 1990
Beste prestasie:
SW 55,32m 104 punte
Mias verbeter hiermee ook die N Tvl rekord.
**Heidelberg Volkies:** 17 Feb 1990
Beste prestasie:
SW 52,26 955 punte
GS 15,39 890 punte
300m H 39,0 860 punte
**Interhoër:** 3 Mrt 1990
Beste prestasie:
SW 51,94 945 punte
GS 15,74 920 punte
300m H 38,2 915 punte

**Mias du Plessis**


**'n Mens sou nie kon sê of Mias éérs sy skoolloopbaan of éérs sy atletiekloopbaan begin het nie. Ons aanvaar dus dat dit altwee gelyk 'n aanvang geneem het.**

Tydens sy eerste Interlaer, kruis hy die wenstreep net-net tweede. Baie trots ontvang hy sy eerste silwermedalje. Die laerskooljare het verby gegaan en so ook die sorgvrye jare waarin atletiek slegs as 'n stokperdjie beoefen kan word.

Baanitems was nog altyd sy sterkpunt, maar in sy eerste hoërskooljaar word hy bekendgestel aan die kuns van die diskus. Sonder enige afrigting, tot die intense verbasing van die LO-onderwyseres, breek hy George Lonsel se interhuis rekord. Miskien was dit 'n voorbode vir dit wat nog gaan kom.

In 1988 word hy 'n leerling van Affies en hier kry hy sy eerste groot teenstander in die vorm van Burger Lombrechts van Waterkloof. Van toe af was dit harde werk en klippe kou. In 1989 wen hy Burger vir die eerste keer. Op die Noord-Transvaalse kampioenskappe kan hy 'n derde plek behaal. Sasolburg was egter 'n mynpaal, want daar breek hy vir die eerste keer 50m — die beste afstand van die seisoen in Noord-Transvaal.

1990 is nog maar in die beginstadium. Hy bou egter daarin slaag om die Noord-Transvaal rekord te verbeter van 55,24m na 55,32.



# Interhoër

## Affies presteer goed

Johan O'Kelly

**Vrydag, 2 Maart, het al die skole verbonde aan die A-Bond weer saam byeengekom om die jaarlikse Interhoër te hou. Die atlete was al vroeg by Pilditch en die stryd tussen Affies en die Klowe was taai. Die ondersteuners het stelselmatig opgedaag en hul afgebakende "plekke" ingeneem. Van die begin af het Affies geesdriftig gesing en dit was geen wonder dat Affies die eerste skool was wat rustig gesit en sing het weens goeie leiding van die dirigente nie.**

Ondanks die feit dat Affies teen skole moes meeding met dubbeld die getal leerlinge, het hul hulself goed van hul taak gekwyt. Die geesdrif waarmee hulle Pilditch toe is, het die vorige dag al begin toe sommige van die seuns die skool onwettig; gedurende skooltyd, verlaat het.

Tot na etenstyd het Affies se seuns voorgeloop met punte. Presteerders soos Mias du Plessis en Dirk Starford het uitgeblink op die atletiekveld. Die dirigente, wat geklee was in tennisklere wat datteer het uit die jare twintigs, het uitstekende resultate verkry uit die moeë Affies.

Affies het heeldag Waterkloof gedomineer, maar ongelukkig het die "Klowe" na spanningsvolle oomblikke, Affies se totaal verbygesteek. Al die Affies en Waterkloof ondersteuners het rusteloos gewag op die finale telling. Danksy die afkondiger, het 'n paar mense meer grys hare gehad, as voor hul Pilditch toe is. Uiteindelik kom die uitslag uitbasuin oor die luidsprekers. Eerste was ... Waterkloof met 320 punte, tweede ... Affies met slegs 20 punte agter die "Klowe". Dit was voorwaar 'n naelkraap beslissing as jy 'n Affie-ondersteuner is en 'n wegholoorwinning as jy "Klofie" is.

Alhoewel Staatspresident C.R. Swart, die gasheerskool, op hul pos was gedurende die dag, het hul nie so goed presteer soos wat hul graag wou nie. Die vloeiende verloop van die Atletiekprogram is aan die skool te danke.

Die geesbeker wat Menlopark verower het, het hul ongetwyfeld verdien siende dat hul Waterkloof die hele dag oortref het met hul ongelooflike geesdrif. Ten spyte van hul atletiek het die Parkies hul skool aangemoedig tot die bitter einde toe. Wilgers wat vir die eerste keer saam met die ander A-Bondskole deelgeneem het, het ook vir 'n verassing gesorg deurdat hul dit nie moet kon regkry om in die A-Bond te kom nie, maar het besonder goed presteer wat atletiek en sang betref.

AHMP het ook goed presteer en het vir 'n paar verrassings gesorg soos die meisies se Junior Victrix Ludorum — wenner wat hul opgelewer het. Waterkloof het die seuns Junior en Senior Victrix Ludorum verower en Staatspresident C.R. Swart het die meisies se Senior Victrix Ludorum gewen.

Nadat al die amptelike verrigtinge afgesluit is, het die meeste mense huis toe gegaan, maar Affies moes die laaste woord hê. Affies het Waterkloof uitgedaag tot 'n vriendelike sit-staking wat dr. Edwards terdeë geniet het. Kort daarna het die twee skole elk hul skoollied gesing en Pilditch vreedsaam verlaat. Dit was voorwaar 'n dag om te onthou en ook weer eens suksesvol soos die vorige jare.

## Dirigente skitter





## SPORTVROU VAN DIE KWARTAAL

**— MARIËTTE KEMPEN —**
**deur Dorette Boshoff**



Mariëtte Kempen het in die afgelope paar jaar groot opslae by Affies gemaak. Sy het die Suid-Afrikaanse Junior Dames Driekamptitel verower en ook haar Noord-Transvaalkleure verwerf. Hierdie jaar het sy egter saam met Affies se feesvieringe haar eie fees gevier toe sy die eerste dame geword het wat dié Suid-Afrikaanse titel suksesvol verdedig het by die Kampioenskappe in Port Elizabeth.

Mariëtte het soos volg op ons vrae geantwoord:

**Wanneer het jou sportloopbaan begin?**
Ongeveer drie jaar gelede toe ons van die plaas af Pretoria toe getrek het.

**Behalwe driekamp, watter sportsoorte doen jy ook?**
Buiten my driekamp (wat swem, fietsry en draf behels) speel ek ook in die winter hokkie vir die ontspanning wat dié sport bied.

**Wat is jou inspirasie op sportgebied?**
Die uitdaging wat elke byeenkoms bied en die gevoel wat deur jou sprei wanneer jy 'n driekamp voltooi het en weet jy het gewen — elke persoon wat 'n driekamp voltooi het, is beslis 'n wenner.

**Wat was sover jou laagtepunt?**
Die eerste driekampbyeenkoms waaraan ek deelgeneem het. Ek het gedink die wenpaal kom nooit nie.

**En wat was jou hoogtepunt?**
Die einde van elke driekamp is 'n hoogtepunt.

**Het jy enige toekomsplanne wat sport betref?**
Ja, ek sal graag Springbokkleure in driekamp wil verwerf.

**Wat is jou advies aan iemand wat met driekamp wil begin?**
Gaan doen eers een driekamp en beleef 'n ongewone gebeurtenis. Moet nooit tou opgooi nie en onthou dat jy slegs iets kan bereik deur harde werk.

**Raak jy nie moeg daarvoor om so baie te oefen nie?**
Ek oefen, oefen en oefen nie net nie! Tussendeur is daar nog byeenkomste waaraan ek deelneem, en wanneer jy wel voel dat jou liggaam moeg is, dan neem jy maar 'n paar dae af. Dan is daar ook nog my sosiale lewe wat die nodige afleiding bied.

**Wie het nog vir jou die meeste beteken gedurende jou sportloopbaan?**
My ouers wat my ondersteun en inspireer, my twee afrigters wat my ondersteun en help en ook my mede-atlete wat my bystaan, en laaste maar nie die minste nie: vir Jesus wat vir my die talent gegee het om aan so 'n uitsonderlike sportsoort deel te neem.

**Wat geniet jy die meeste van Affies?**
Die uitsonderlike Kerkafsluiting en die spontane, lojale houding van die Affies. Dan natuurlik ook die klok wat aan die einde van die dag lui!

**Wat is jou boodskap aan die Affies?**
Aanvaar alle uitdagings en moenie na 'n mislukking gaan lê nie, maar staan weer op en klim op dieselfde perd wat jou afgegooi het. — Ek sien haar wen! —

Tipografies voorberei deur Wentzel Coetzer Drukkers, Tel 3232787 en gedruk deur The Pretoria News (Pty) Ltd, Vermeulenstraat 216, Pretoria. Tel 3255382.